²⁴ Niemand kan vir twee base werk nie; want òf hy sal die een haat en die ander liefhê, òf hy sal die een aanhang en die ander verag. Julle kan nie God én Mammon [*bedrieglike, vals rykdom, geld, besittings of wat ookal in vertrou word*] dien nie!

Wees nie Angstig nie

²⁵ Daarom sê Ek vir julle: Moenie jou kwel [*angstig en kommer*] oor jou lewe—wat jy sal eet en wat jy sal drink nie; of oor jou liggaam—wat jy moet aantrek nie. Is die lewe nie belangriker [*in kwaliteit*] as voedsel en die liggaam [*ver verhewe en meer voortreflik*] as klere nie?

¹² In Hebreeus, beteken ’n “bose oog” om suinig te wees, terwyl ’n “goeie oog” dui op ’n vrygewige persoon. / In Hebrew, having an “evil eye”, means being stingy, while having a “good eye”, means being generous.

²⁶ Behold the fowls of the air, for they sow not, neither do they reap nor gather into barns, yet your heavenly Father feeds them. Are ye not much better than they?

²⁷ Which of you by taking thought can add one cubit unto his stature?

²⁸ And why take ye thought for raiment? Consider the lilies of the field, how they grow: they toil not, neither do they spin;

²⁹ and yet I say unto you, That even Solomon in all his glory was not arrayed like one of these.

³⁰ Therefore, if God so clothes the grass of the field, which today is and tomorrow is cast into the oven, shall he not much more clothe you, O ye of little faith?

³¹ Therefore take no thought, saying, What shall we eat? or, What shall we drink? or, With what shall we be clothed?

³² (For the Gentiles seek after all these things.) For your heavenly Father knows that ye have need of all these things.

³³ But seek ye first the kingdom of God and his righteousness, and all these things shall be added unto you.

³⁴ Take therefore no thought for the morrow, for the morrow shall take thought for the things of itself. Sufficient unto the day is the affliction thereof.

¹³ Cubit is the length of the fore arm (as a measure) / Cubit is in Afrikaans as “el” vertaal en verwys na die lengte van die voorarm (as ’n maatstaf)

²⁶ Kyk na die voëls van die hemel; hulle saai nie en hulle maai nie en hulle maak nie in skure bymekaar nie, en nogtans sorg julle hemelse Vader vir hulle. Is julle dan nie baie meer werd as hulle nie?

²⁷ Trouens, wie van julle kan, deur hom te bekommer, sy lewe met een enkele uur¹³ verleng [Ps 39:5-7]?

²⁸ En wat kwel julle jul oor klere? Kyk na die veldlelies, hoe hulle groei; hulle swoeg (*sloof, ploeter, inspan*) nie en hulle maak ook nie klere nie;

²⁹ en tog sê Ek vir julle dat selfs Salomo in al sy heerlikheid [majesteit, statigheid, grootheid, *prag, uitnemendheid, voortreflikheid*] was nie geklee soos een van hulle nie [1 Kon 10:4-7].

³⁰ As God dan die gras van die veld, wat vandag daar is en môre in ’n oond gegooi word, so versier, hoeveel te meer sal Hy dan nie vir julle sorg nie, julle kleingelowiges {*watse min vertrou het julle dan nie*}?

³¹ Daarom moet julle jul nie kwel en sê: Wat sal ons eet? Of, Wat sal ons drink? Of, Wat sal ons aantrek nie?

³² Dit is alles dinge waaroor die heiden nasies (*ongelowige*) [*mense wat nie van Israel is nie* - Jes 9:1-2] *begaan is*; Julle hemelse Vader weet tog dat julle al hierdie dinge nodig het.

³³ Maar soek [*mik en streef*] eers na die koninkryk van God en Sy regverdigheid [*volg morele beginsels; dit is, om volledig uit te voer wat reg is; opregtheid en wat in regte verhouding met God staan*], en al hierdie dinge sal vir julle gegee (*bygevoeg*) word.

³⁴ Bekommer jou dus nie oor môre nie, want môre sal hom oor sy eie dinge kwel. Elke dag het genoeg van sy eie teisterings (*beprowings*).

Do Not Judge

7 Judge not, that ye be not judged.

²For with the judgment with which ye judge, ye shall be judged, and with the measure with which ye measure, ye shall be measured again.

³And why dost thou behold the mote that is in thy brother's eye but dost not consider the beam that is in thine own eye?

⁴Or how wilt thou say to thy brother, Let me pull out the mote out of thine eye; and, behold, a beam is in thine own eye?

⁵Thou hypocrite, first cast out the beam out of thine own eye, and then shalt thou be able to see to cast out the mote out of thy brother's eye.

⁶Give not that which is holy unto the dogs, neither cast ye your pearls before swine, lest they trample them under their feet and turn again and rend you.

Keep Asking, Seeking, Knocking

⁷Ask, and it shall be given you; seek, and ye shall find; knock, and it shall be opened unto you;

⁸for every one that asks receives, and he that seeks finds, and to him that knocks it shall be opened.

⁹Or what man is there of you, whom, if his son asks for bread, will he give him a stone?

¹⁰Or if he asks for fish, will he give him a serpent?

¹¹If ye then, being evil, know how to give good gifts unto your children, how much more shall your Father who is in the heavens give good things to those that ask him?

¹²Therefore, all things whatsoever ye desire that men should do unto you, so also shall ye do unto them, for this is the law and the prophets.

Moenie Oordeel Nie

7 Moenie oordeel nie, sodat julle nie geoordeel word nie.

²Want met die oordeel waarmee julle oordeel, sal julle geoordeel word; en met die maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word.

³En waarom sien jy die splinter in die oog van jou broer, maar die balk in jou eie oog merk jy nie op nie?

⁴Of hoe sal jy vir jou broer sê: Laat my toe om die splinter uit jou oog uit te haal; en kyk, in jou eie oog is 'n balk!

⁵Skyneilige, haal eers die balk uit jou oog uit, en dan sal jy goed sien om die splinter uit die oog van jou broer te haal.

⁶Moenie wat heilig is, aan die honde gee nie; en gooi julle pêrels nie voor die varke nie, sodat hulle dit nie miskien met hulle pote vertrap en omdraai en julle verskeur nie.

Hou aan Vra, Soek, Klop

⁷Vra, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal ooggemaak word;

⁸want elkeen wat vra, ontvang; en hy wat soek, vind; en vir hom wat klop, sal ooggemaak word.

⁹Of watter mens is daar onder julle wat, as sy seun hom brood vra, aan hom 'n klip sal gee?

¹⁰Of as hy 'n vis vra, aan hom 'n slang sal gee?

¹¹As julle wat sleg is, dan weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemele is, goeie dinge gee aan dié wat van Hom vra!

¹²Daarom, alles wat julle dan begeer dat mense aan julle moet doen, net so moet julle aan hulle ook doen; want dit is [¹n samevatting van] die wet en die profete.

The Narrow Way

¹³Enter ye in at the narrow gate, for the way that leads to destruction is wide and spacious, and those who follow it are many;

¹⁴because narrow is the gate, and confined is the way which leads unto life, and there are few that find it.

You Will Know Them by Their Fruits

¹⁵Keep yourselves also from the false prophets, who come to you in sheep's clothing, but inwardly they are ravening wolves.

¹⁶Ye shall know them by their fruits. Do men gather grapes of thorns, or figs of thistles?

¹⁷Even so every good tree brings forth good fruit, but a corrupt tree brings forth evil fruit.

¹⁸A good tree cannot bring forth evil fruit, neither can a corrupt tree bring forth good fruit.

¹⁹Every tree that does not bring forth good fruit is hewn down and cast into the fire.

²⁰So that by their fruits ye shall know them.

I Never Knew You

²¹Not every one that saith unto me, Lord, Lord, shall enter into the kingdom of the heavens, but he that doeth the will of my Father who is in the heavens.

²²Many will say to me in that day, Lord, Lord, have we not prophesied in thy name? and in thy name have cast out devils? and in thy name done many wonderful works?

²³And then I will profess unto them, I never knew you; depart from me, ye that work iniquity.

Die Smal Pad

¹³Gaan in deur die nou poort, want die weg wat lei na vernietiging is wyd en ruim, en dié wat dit volg is baie;

¹⁴want nou [saamgepers deur drukking] is die poort en smal is die pad wat na die lewe lei, en daar is min wat dit vind [Deut 30:19; Jeremiah 21:8].

Jy Sal hulle Herken aan Hul Vrugte

¹⁵Maar weerhou jou ook van vals profete, wie na jou toe kom in skaapsklere, maar innerlik is hulle verskeurende {honger} wolwe [Eseg 22:27].

¹⁶Julle sal hulle herken aan hulle vrugte. Pluk 'n mens dan druiwe van dorings, of vye van distels?

¹⁷Selfs so bring elke goeie boom goeie vrugte [waardig om bewonder te word] voort; maar 'n korrupte boom bring slegte [waardelose] vrugte voort.

¹⁸'n Goeie boom kan geen bose [waardelose] vrugte dra nie, en 'n korrupte [sieklieke] boom ook geen goeie vrugte nie.

¹⁹Elke boom wat nie goeie vrugte voort bring nie, word uitgekop en in die vuur gegooi.

²⁰So sal julle hulle dan aan hul vrugte ken.

Ek het jou Nooit Geken Nie

²¹Nie elkeen wat vir My sê: YHWH, YHWH! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil van my Vader wat in die hemele is doen.

²²Baie sal in daardie dag vir My sê: YHWH, YHWH, het ons nie in U Naam geprofeteer en in U Naam duiwels uitgedrywe nie? en in U Naam baie wonderlike werke gedoen nie?

²³En dan sal Ek aan hulle verklaar, Ek het jou nooit geken nie; gaan weg van My, julle wat die ongeregtheid bewerk [verontagsaming van My bevele]! [Ps 6:8]

Build on the Rock

²⁴ Therefore, whosoever hears these words of mine and does them, I will liken him unto a prudent man, who built his house upon the rock;

²⁵ and the rain descended, and the rivers came, and the winds blew and beat upon that house, and it did not fall, for it was founded upon a rock.

²⁶ And every one that hears these words of mine and does not do them shall be likened unto a foolish man, who built his house upon the sand;

²⁷ and the rain descended, and the rivers came, and the winds blew and beat upon that house, and it fell; and great was the fall of it.

²⁸ And it came to pass, when Jesus had ended these words, the multitude marvelled at his doctrine;

²⁹ for he taught them as one having authority and not as the scribes.

Jesus Cleanses a Leper

8 When he was come down from the mountain, many people followed him.

² And, behold, a leper came and worshipped him, saying, Lord, if thou art willing, thou art able to cleanse me.

³ And Jesus put forth his hand, and touched him, saying, I will; be thou clean. And immediately his leprosy was cleansed.

⁴ Then Jesus said unto him, See thou tell no one; but go, show thyself to the priest and offer the gift that Moses commanded, for a testimony unto them.

Bou op die Rots

²⁴ **Daarom, elkeen wat dan hierdie woorde van My hoor en dit doen, hom sal Ek vergelyk met 'n verstandige man wat sy huis op die rots gebou het;**

²⁵ **en die reën het geval en die rivier het afgekom (vloedwaters het gekom) en die winde het gewaai en teen die huis geruk, en dit het nie geval nie, want sy fondament was op die rots.**

²⁶ **En elkeen wat hierdie woorde van My hoor en dit nie doen nie, sal vergelyk word met 'n dwase man wat sy huis op die sand gebou het;**

²⁷ **en die reën het geval en die rivier het afgekom (vloedwaters het gekom) en die winde het gewaai en teen daardie huis geruk en dit het geval, en sy val was groot.**

²⁸ **Toe Yahshua met hierdie woorde geëindig het, was die gevolg dat die menigtes skare verslae oor sy leer was (doktrine);**

²⁹ **want Hy het hulle geleer soos een wat gesag (outoriteit) het, en nie soos die skrywers (skrifgeleerdes) nie.**

Yahshua Reinig 'n Melaatse

8 En toe Hy van die berg afkom, het baie mense Hom gevolg.

² En, kyk, 'n melaatse man het gekom en voor Hom neergeval en gesê: YHWH, as U wil, kan U my genees (*reinig*).

³ En Yahshua steek Sy hand uit, raak hom aan en sê: **Ek wil; word gereinig!** En onmiddelik is hy van sy melaatseheid genees.

⁴ En Yahshua sê vir hom: **Wees versigtig en vertel vir niemand nie, maar gaan wys jousef vir die priester en bring die offer wat Moses voorgeskryf het, tot 'n getuienis [om jou genesing] vir hulle [Lev 14:2].**

Jesus Heals a Centurion's Servant

⁵ And when Jesus was entering into Capernaum, a centurion came unto him, beseeching him,

⁶ and saying, Lord, my servant lies at home paralyzed, grievously tormented.

⁷ And Jesus said unto him, I will come and heal him.

⁸ The centurion answered and said, Lord, I am not worthy that thou should come under my roof; but speak the word only, and my servant shall be healed.

⁹ For I also am a man under authority, having soldiers under me; and I say to this man, Go, and he goes; and to another, Come, and he comes; and to my slave, Do this, and he does it.

¹⁰ When Jesus heard it, he marvelled and said to those that followed, Verily I say unto you that not even in Israel have I found such faith.

¹¹ But I say unto you, That many shall come from the east and west and shall sit down at the table with Abraham and Isaac and Jacob in the kingdom of the heavens.

¹² But the sons of the kingdom shall be cast out into outer darkness; there shall be weeping and gnashing of teeth.

¹³ Then Jesus said unto the centurion, Go, and as thou hast believed, so be it done unto thee. And his servant was healed in that same hour.

Peter's Mother-in-Law Healed

¹⁴ And when Jesus was come into Peter's house, he saw his wife's mother lying in bed and with fever.

Yahshua Genees 'n Senturion se Dienaar

⁵ En toe Yahshua in Kapérnaüm ingegaan het, kom daar 'n offisier (*'n kaptein oor honderd man*) na Hom toe en smEEK Hom,

⁶ en sê: YHWH, my dienaar (*slaaf*) lê thuis verlam en hy ly ernstige marteling.

⁷ Daarop sê Yahshua vir hom: **Ek sal kom om hom gesond te maak.**

⁸ En die offisier (*'n kaptein oor honderd man*) antwoord en sê: YHWH, ek is nie waardig dat U onder my dak inkom nie; maar spreek net dié woord, en my kneG sal gesond word.

⁹ Want ek is ook 'n man onder outoriteit (*gesag*), en ek het soldate onder my. En ek sê vir die man: Gaan! en hy gaan; en vir 'n ander een: Kom! en hy kom; en vir my slaaf (*dienaar*): Doen dit! en hy doen dit.

¹⁰ Toe Yahshua dit hoor, het Hy Hom verwonder en aan Sy volgelinge [*standvastige aanhangers, wat Sy voorbeeld van lewe bevestig, en indien nodig, ook bereid was om vir Hom te sterwe*] gesê: **Voorwaar Ek sê vir julle, selfs in Israel het Ek nog nie so 'n groot geloof gevind nie.**

¹¹ **Maar Ek sê vir julle dat baie sal kom vanuit ooste en die weste en sal saam met Abraham en Isak en Jakob aan tafel sit in die koninkryk van die hemele.**

¹² **Maar die kinders van die koninkryk sal uitgedryf word in die buitenste duisternis; daar sal 'n geweën en 'n gekners van tande wees** [Ps 107:2-3; Jes 49:12; 59:15; Mal 1:11].

¹³ Toe sê Yahshua vir die offisier (*'n kaptein oor honderd man*): **Gaan, dit sal vir jou wees soos jy glo.** En sy kneG het gesond geword in daardie uur.

Yahshua Genees Petrus se Skoonma

¹⁴ En toe Yahshua in die huis van Petrus ingaan, sien Hy sy vrou se ma op die bed lê met 'n koors.

¹⁵ And he touched her hand, and the fever left her; and she arose and ministered unto them.

¹⁶ When evening was come, they brought unto him many that were possessed with devils, and he cast out the spirits with the word and healed all that were sick

¹⁷ that it might be fulfilled which was spoken by Isaiah the prophet, saying, He took our infirmities and bore our sicknesses.

The Cost of Discipleship

¹⁸ Now when Jesus saw great multitudes about him, he commanded that they depart unto the other side.

¹⁹ And a certain scribe came and said unto him, Master, I will follow thee wherever thou goest.

²⁰ And Jesus said unto him, The foxes have holes, and the birds of the heaven have nests, but the Son of man has nowhere to lay his head.

²¹ And another of his disciples said unto him, Lord, suffer me first to go and bury my father.

²² But Jesus said unto him, Follow me, and let the dead bury their dead.

Wind and Wave Obey Jesus

²³ And when he was entered into a ship, his disciples followed him.

²⁴ And, behold, there arose a great moving in the sea, insomuch that the ship was covered with the waves; but he was asleep.

²⁵ And his disciples came to him and awoke him, saying, Lord, save us; we perish.

²⁶ And he said unto them, Why are ye fearful, O ye of little faith? Then, awake, he rebuked the winds and the sea; and there was a great calm.

¹⁵ En Hy raak haar hand aan, en die koors het haar verlaat, en sy het opgestaan en hulle bedien.

¹⁶ En toe dit aand word, het hulle baie na Hom toe gebring wat van duiwels besete was; en Hy het die geeste met die woord uitgedrywe; en almal wat siek was gesond gemaak

¹⁷ sodat vervul kon word wat gesprek is deur die profeet Jesaja, toe hy gesê het: Hy het ons krankhede op Hom geneem [om die pyne weg te vat] en ons siektes gedra.

Die Prys van Dissipelskap

¹⁸ En toe Yahshua groot menigtes rondom Hom sien, het Hy hulle beveel om na die oorkant [van die meer] toe te beweeg.

¹⁹ En 'n sekere skrywer (*skrifgeleerde*) het gekom en vir Hom gesê: Meester, ek sal U volg waar U ook al mag gaan.

²⁰ En Yahshua sê vir hom: **Die jakkalse het gate en die voëls van die hemel het neste, maar die Seun van die mens het geen plek waar Hy Sy hoof kan neerlê nie.**

²¹ En 'n ander een van Sy dissipels het vir Hom gesê: YHWH, laat my toe om eers terug te gaan en my pa te begrawe.

²² Maar Yahshua sê vir hom: **Volg My, en laat die dooies hul eie dooies begrawe.**

Die Wind en Branders Gehoorsaam Yahshua

²³ En toe Hy in 'n skuit klim, het Sy dissipels Hom gevolg.

²⁴ En daar het 'n groot storm op die see gekom, sodat die golwe oor die skuit geslaan het; maar Hy het geslaap.

²⁵ En sy dissipels kom toe en maak Hom wakker en sê: YHWH, red ons, ons vergaan!

²⁶ En Hy sê vir hulle: **Waarom is julle bang, julle kleingelowiges?** Toe staan Hy op en bestraf die winde en die see, en daar het 'n groot kalmte [volkome vreedzaamheid] gekom.

²⁷ But the men marvelled, saying, What manner of man is this that even the winds and the sea obey him!

Two Demon-Possessed Men Healed

²⁸ And when he was come to the other side, into the country of the Gergesenes, there met him two possessed with demons, coming out of the tombs, exceeding fierce, so that no man might pass by that way.

²⁹ And, behold, they cried out, saying, What have we to do with thee, Jesus, thou Son of God? Art thou come here to torment us before the time?

³⁰ And there was a good way off from them a herd of many swine feeding.

³¹ So the demons besought him, saying, If thou cast us out, suffer us to go away into the herd of swine.

³² And he said unto them, Go. And when they were come out, they went into the herd of swine; and, behold, the whole herd of swine ran violently down a steep place into the sea and perished in the waters.

³³ And those that fed them fled and went into the city and told everything and what was befallen to the ones possessed of the demons.

³⁴ And, behold, the whole city came out to meet Jesus; and when they saw him, they besought him that he would depart out of their borders.

Jesus Forgives and Heals a Paralytic

9 And he entered into a ship and passed over and came into his own city.

² And, behold, they brought him a paralyzed man, lying on a bed; and Jesus, seeing their faith, said unto the paralyzed man, Trust, son; thy sins are forgiven thee.

²⁷ En die manne het hulle verwonder en gesê: Watter sort mens is Hy, dat selfs die winde en die see Hom gehoorsaam?

Twee Duiwel-besete Mans Genees

²⁸ En toe Hy aan die oorkant aankom, in die land van die Gergeseners, het twee duiwelbesetenes vanuit die grafte Hom tegemoet gekom, hulle was uiters geweldig, sodat niemand dit langs daardie pad kon waag (*verby gaan*) nie.

²⁹ En, kyk, hulle skreeu uit en sê: Wat het ons met U te doen, Yahshua, Seun van God? Het U hier gekom om ons voor die tyd te teister (*martel*) [Rig 11:12; 2 Samuel 16:10]?

³⁰ En ver van hulle af het 'n groot trop varke gewei.

³¹ En die demone (*duiwels*) het Hom gesmeek en gesê: As U ons uitdryf, laat ons toe om in die trop varke te vaar.

³² En Hy sê vir hulle: **Gaan!** Toe gaan hulle uit en vaar in die trop varke in; en kyk, die hele trop varke het geweldig van die krans af in die see in gehardloop en in die water versuip.

³³ En die wat hulle opgepas het, het na die stad toe gevlug en alles daar gaan vertel; ook wat met die besetenes gebeur het.

³⁴ En kyk, die hele stad het uitgekóm, om Yahshua te ontmoet; en toe hulle Hom sien, smeek hulle Hom om hulle gebied te verlaat.

Yahshua Vergewe en Genees 'n Verlamde

9 En Hy het in 'n skuit geklim, en na Sy eie stad oorkant toe gevaar [*Kapernaum*].

² En kyk, hulle bring toe vir Hom 'n verlamde man wat op 'n bed lê; en Yahshua sien hulle geloof, sê toe vir die verlamde man, **Vertrou, seun; jou sondes is jou vergewe.**

³ And, behold, certain of the scribes said within themselves, This man blasphemes.

⁴ And Jesus knowing their thoughts said, Why think ye evil in your hearts?

⁵ For what is easier, to say, Thy sins are forgiven thee, or to say, Arise, and walk?

⁶ But that ye may know that the Son of man has power on earth to forgive sins (then said he to the paralyzed man), Arise, take up thy bed, and go unto thine house.

⁷ Then he arose and departed to his house.

⁸ And the multitude, seeing it, marvelled and glorified God, who had given such power unto men.

Matthew the Tax Collector

⁹ And as Jesus passed forth from there, he saw a man, named Matthew, sitting at the receipt of custom; and he said unto him, Follow me. And he arose and followed him.

¹⁰ And it came to pass, as he sat at food in his house, behold, many publicans and sinners that had come sat down at the table with Jesus and his disciples.

¹¹ And when the Pharisees saw it, they said unto his disciples, Why does your Master eat with publicans and sinners?

¹² But when Jesus heard that, he said unto them, Those that are whole need not a physician, but those that are sick.

¹³ Therefore go ye and learn what this is, I will have mercy and not sacrifice, for I am not come to call the righteous but sinners to repentance.

³ En kyk, party van die skrywers (*skrifgeleerdes*) het by hulleself gedink: Hierdie man praat godslasterlik.

⁴ En Yahshua het geweeet wat hulle dink, en gesê: **Waarom bedink julle bese dinge in julle harte?**

⁵ **Want wat is makliker, om te sê: Jou sondes is jou vergewe! of om te sê, Staan op en loop?**

⁶ **Maar sodat julle kan weet dat die Seun van die mens het mag {outoriteit} op aarde om sondes te vergewe (toe sê Hy vir die verlamde man), Staan op, neem jou bed op, en gaan terug na jou huis toe.**

⁷ Hy het opgestaan en huis toe gegaan.

⁸ En toe die skare dit sien, was hulle verwonderd en het God verheerlik wat sulke mag (*krag en outoriteit*) aan mense gegee het.

Matteus die Belasting Invorderaar

⁹ En toe Yahshua daarvandaan verder gaan, sien Hy 'n man met die naam van Matteus by die ontvangs van doeane sit; en Hy sê vir hom: **Volg My**. En hy het opgestaan en Hom gevolg.

¹⁰ En so het dit gekom dat Hy in sy huis aan tafel gesit het, kyk, daar was baie tollenaars (*invorderaars van openbare belasting*) en sondaars saam met Yahshua en Sy dissipels aan tafel.

¹¹ En toe die Fariseërs dit sien, sê hulle vir Sy dissipels, Waarom eet julle Meester saam met tollenaars (*invorderaars van openbare belasting*) en sondaars?

¹² Maar toe Yahshua dit hoor, sê Hy vir hulle, **Die wat heel (gesond) is, het nie 'n dokter nodig nie, maar die wat siek is wel.**

¹³ **Gaan dan en leer wat dit beteken: Ek sal genade [dit is, ontferming en gereedheid hê oor hulle in nood] betoon en nie offers nie; want Ek het nie gekom om regverdiges [hulle wat morele beginsels volg en wat in regte verhouding met God staan] te roep nie,**

maar die sondaars [die wat dwaal en almal wat nog nie van sonde bevry is nie] tot bekering. [Hosea 6:6]

'n Vraag oor Vas

¹⁴ Daarna kom die dissipels van Johannes na Hom en sê: Waarom vas [dit is, onthouing van voedsel en vloeistof as 'n godsdienstige gebruik] ons en die Fariseërs dikwels, maar u dissipels vas nie?

¹⁵ En Yahshua sê vir hulle: **Kan die bruielofsgaste dan treur so lank as die bruidegom by hulle is? Maar daar sal 'n dag kom wanneer die bruidegom van hulle af weggeneem word, en dan sal hulle vas.**

¹⁶ **Niemand lap tog ou klere met nuwe materiaal nie; want die nuwe lap skeur die klere verder en dan word die gat net nog groter.**

¹⁷ **Ook nie gooi 'n mens nuwe wyn in ou wysakke nie; anders bars die wysakke en die wyn loop uit en die wysakke vergaan; maar 'n mens gooi nuwe wyn in nuwe wysakke en beide bly behoue.**

'n Dogtertjie Herstel tot Lewe en 'n Vrou word Genees

¹⁸ En kyk, terwyl Hy nog besig was om dit vir die mense te sê, kom daar 'n sekere raadslid en kniel voor Hom en sê: My dogter het nou net gesterwe, maar kom en lê U hand op haar, en sy sal lewe.

¹⁹ En Yahshua het opgestaan en hom gevolg, en ook Sy dissipels.

²⁰ En, kyk, 'n vrou wat twaalf jaar lank aan bloedvloeïng gely het, kom van agter af en raak aan die soom van Sy klere [Matt 14:36];

²¹ want sy het by haarself gesê, As ek maar net aan Sy klere kan raak, sal ek vrykom (*gesond word*).

²² Maar Yahshua het omgedraai en toe hy haar sien sê Hy: **Vertrou, dogter, jou geloof het jou vry gemaak (gered)**. En die vrou was vry van daardie uur af.

A Question About Fasting

¹⁴ Then the disciples of John came to him, saying, Why do we and the Pharisees fast often, but thy disciples do not fast?

¹⁵ And Jesus said unto them, Can the sons of the bridechamber mourn, as long as the bridegroom is with them? But the days will come when the bridegroom shall be taken from them, and then they shall fast.

¹⁶ No one mends an old garment with a piece of new cloth, for that patch takes from the garment, and the rent is made worse.

¹⁷ Neither do they put new wine into old wineskins, otherwise the wineskins break, and the wine runs out, and the wineskins perish; but they put new wine into new wineskins, and both are preserved together.

A Girl Restored to Life and a Woman Healed

¹⁸ While he spoke these things unto them, behold, a certain ruler came and worshipped him, saying, My daughter is even now dead; but come and lay thy hand upon her, and she shall live.

¹⁹ And Jesus arose and followed him, and so did his disciples.

²⁰ And, behold, a woman who was diseased with an issue of blood twelve years came behind him and touched the hem of his garment;

²¹ for she said within herself, If I may but touch his garment, I shall be free.

²² But Jesus turned around, and when he saw her, he said, Trust, daughter; thy faith has made thee free. And the woman was free from that hour.

²³ And when Jesus came into the ruler's house and saw the minstrels and the people making a noise,

²⁴ he said unto them, Give place, for the maid is not dead, but sleeps. And they laughed him to scorn.

²⁵ But when the people were put forth, he went in and took her by the hand, and the maid arose.

²⁶ And the fame of this went abroad into all that land.

Two Blind Men Healed

²⁷ And when Jesus departed from there, two blind men followed him, crying out and saying, Thou Son of David, have mercy on us.

²⁸ And when he was come into the house, the blind men came to him; and Jesus said unto them, Believe ye that I am able to do this? They said unto him, Yes, Lord.

²⁹ Then he touched their eyes, saying, According to your faith be it unto you.

³⁰ And their eyes were opened; and Jesus straightly charged them, saying, See that no one knows it.

³¹ But they, when they were departed, spread abroad his fame in all that country.

A Mute Man Speaks

³² And as they went out, behold, they brought to him a dumb man possessed with a demon.

³³ And when the demon was cast out, the dumb man spoke; and the multitude marvelled, saying, Such a thing has never been seen in Israel.

³⁴ But the Pharisees said, He casts out demons through the prince of the demons.

²³ En toe Yahshua in die huis van die raadslid aankom en die fluitspelers en die skare wat geraas (*en oproer*) maak sien,

²⁴ sê Hy vir hulle: **Maak plek, want die dogtertjie is nie dood nie, sy slaap net.** En hulle het Hom uitgelag.

²⁵ Maar nadat Hy die skare uitgestuur het, het Hy ingegaan en haar hand geneem, en die dogtertjie het opgestaan.

²⁶ En die gerug hiervan het deur die hele omgewing versprei.

Twee Blindes word Genees

²⁷ En toe Yahshua daarvandaan verder gaan, het twee blindes Hom gevolg, na Hom uitroep en gesê: Seun van Dawid, wees ons genadig.

²⁸ En nadat Hy in die huis ingegaan het, kom die blindes na Hom toe; En Yahshua sê vir hulle, **Glo julle dat Ek {die krag het om} dit kan doen? Hulle antwoord Hom: Ja, YHWH.**

²⁹ Toe raak Hy hulle oë aan en sê: **Laat dit vir julle wees volgens julle geloof.**

³⁰ En hulle oë het oopgegaan; En Yahshua het hulle ernstig aangespreek en gesê, **Let daarop, dat niemand hiervan te hore kom nie.**

³¹ Maar hulle het vandaar vertrek en dit in die hele omgewing bekend gemaak.

'n Stom Man Praat

³² En kyk, soos hulle uitgaan het, het hulle 'n stom man wat met 'n demoon besete was, na Hom toe gebring.

³³ En nadat die demoon uitgedryf was, het die stom man gepraat; en die menigtes het hulle verwonder en gesê, So iets is nog nooit in Israel gesien nie!

³⁴ Maar die Fariseërs het gesê: Hy dryf demone uit deur die prins van demone.

The Compassion of Jesus

³⁵ And Jesus went about all the cities and villages, teaching in their synagogues and preaching the gospel of the kingdom and healing every sickness and every weakness among the people.

³⁶ And when he saw the multitude, he was moved with compassion on them because they fainted and were scattered abroad, as sheep having no shepherd.

³⁷ Then he said unto his disciples, The harvest truly is plenteous, but the labourers are few;

³⁸ pray ye therefore the Lord of the harvest, that he will send forth labourers into his harvest.

The Twelve Apostles

10 Then calling his twelve disciples, he gave them power against unclean spirits, to cast them out and to heal all manner of sickness and all manner of weakness.

² Now the names of the twelve apostles are these: the first, Simon, who is called Peter, and Andrew his brother; James the son of Zebedee and John his brother;

³ Philip and Bartholomew; Thomas and Matthew the publican; James the son of Alphaeus, and Lebbaeus, whose surname was Thaddaeus;

⁴ Simon the Canaanite and Judas Iscariot, who also betrayed him.

Jesus Sends Out the Twelve Apostles

⁵ These twelve Jesus sent forth and commanded them, saying, Do not go into the way of the Gentiles, and do not enter into any city of the Samaritans,

Die Deernis van Yahshua

³⁵ En Yahshua het al die dorpe en klein plekkies besoek, hulle in hul sinagoges geleer en die evangelie van die koninkryk verkondig en elke siekte en elke kwaal onder die mense genees.

³⁶ En toe Hy die menigtes sien, het Hy hulle innig jammer gekry, want hulle was swak [*geteister, onsteld, terneergedruk, hulpeloos*], verdrywe en heeltemal in die war, soos skape wat geen herder het nie [Sag 10:2].

³⁷ Toe sê Hy vir sy dissipels: **Die oes is werklik volop, maar die arbeiders min;**

³⁸ **bid julle dan dat YHWH, aan wie die oes behoort, arbeiders sal uitstuur na Sy oes.**

Die Twaalf Apostels

10 Toe roep Hy Sy twaalf dissipels, en gee aan hulle mag oor onrein geeste (*geestelik versteurd*), om hulle uit te dryf en om elke siekte (*gebrek, krankheid*), kwaal (*pyn*) en swakheid te genees.

² En nou, hier is die name van die twaalf apostels [*spesiale boodskappers*]: die eerste Simon wat Petrus genoem word, en Andreas, sy broer; Jakobus, die seun van Sebedeus, en Johannes, sy broer;

³ Filippus en Bartholomues; Tomas en Matteus, die tollenaar (*invorderaars van openbare belasting*); Jakobus, die seun van Alfeus, en Lebbeus wat genoem word Thaddeus;

⁴ Simon die Kananeër en Judas Iskariot, wie Hom ook verraai het.

Yahshua Stuur die Twaalf Apostels Uit

⁵ Yahshua het hierdie twaalf uitgestuur en hulle beveel en gesê: **Moenie na die heiden nasies (ongelowige) [mense wat nie van Israel is nie - Jes 9:1-2] gaan nie,**

⁶ but go rather to the lost sheep of the house of Israel.

⁷ And as ye go, preach, saying, The kingdom of the heavens has come.

⁸ Heal the sick, cleanse the lepers, raise the dead, cast out demons; freely ye have received, freely give.

⁹ Provide neither gold nor silver nor money in your girdles,

¹⁰ nor bag for your journey, neither two coats, neither shoes nor a staff, for the workman is worthy of his food.

¹¹ And into whatever city or town ye shall enter, search out with diligence who in it is worthy; and there abide until ye go from there.

¹² And entering into the house, salute it.

¹³ And if the house is worthy, your peace shall come upon it; but if it is not worthy, your peace shall return to you.

¹⁴ And whosoever shall not receive you nor hear your words, depart out of that house or city and shake off the dust of your feet.

¹⁵ Verily I say unto you, It shall be more tolerable for the land of those of Sodom and those of Gomorrah in the day of judgment than for that city.

Persecution Are Coming

¹⁶ Behold, I send you forth as sheep in the midst of wolves; be ye therefore prudent as serpents and innocent as doves.

en moenie in enige stad van die Samaritane ingaan nie,

⁶ maar gaan liever na die verlore skape van die huis van Israel.

⁷ En soos julle gaan, preek, en sê: Die koninkryk van die hemele het (*naby*) gekom.

⁸ Genees die siekes, reinig die melaatses, wek die dooies op, dryf duiwels uit. Vrylik (*verniet, sonder betaling*) het julle ontvang, vrylik (*verniet, sonder betaling*) moet julle dit gee.

⁹ Maak geen voorsiening vir goud of silwer of geld in julle beursies nie,

¹⁰ ook nie 'n reissak vir die pad nie, ook nie twee kledingstukke of skoene of 'n stok nie, want die arbeider is sy voedsel (*loon*) waardig (*geregtig op onderhoud*).

¹¹ En in watter stad of dorp julle ook al mag ingaan, soek met ywer uit wie daarin waardig {*betroubaar*} is, en bly dan dáár [*in sy huis*] totdat julle vertrek.

¹² En as julle die huis ingaan, groet dit;

¹³ en as die huis dit waardig is, laat julle vrede [*dit is, vryheid van alle kommer en angs wat ondervind mag word as gevolg van sonde*] daarop rus, maar as dit nie waardig is nie, laat julle vrede na julle terugkom.

¹⁴ En wie ookal julle nie ontvang nie, of julle woorde nie wil aanhoor nie (*nie wil luister na julle woorde nie*), gaan uit daardie huis of stad uit en skud die stof van julle voete af.

¹⁵ Voorwaar Ek sê vir julle, dit sal vir die land van Sodom en Gomorra draagliker wees in die oordeelsdag as vir daardie stad.

Vervolging Kom

¹⁶ Kyk, Ek stuur julle soos skape onder die wolwe in; wees julle dan versigtig (*uitgeslape*) soos die slange en opreg (*onskuldig*) [*skadeloos, geen bedrog, sonder enige valsheid en bedrieglikheid*] soos duiwe [Gen 3:1].

¹⁷ But keep yourselves from men, for they will deliver you up in councils, and they will scourge you in their synagogues.

¹⁸ and ye shall even be brought before princes and kings for my sake, for testimony unto them and to the Gentiles.

¹⁹ But when they deliver you up, take no thought how or what ye shall speak, for it shall be given you in that same hour what ye shall speak.

²⁰ For it is not ye that speak, but the Spirit of your Father who speaks in you.

²¹ And brother shall deliver up brother unto death, and the father the child, and children shall rise up against their parents and cause them to be put to death.

²² And ye shall be hated of all men for my name, but he that endures to the end shall be saved.

²³ But when they persecute you in this city, flee ye into another, for verily I say unto you, Ye shall not have gone over the cities of Israel until the Son of man be come.

²⁴ The disciple is not above his master, nor the slave above his lord.

²⁵ It is enough for the disciple that he be as his master, and the slave as his lord. If they have called the husband of the house Beelzebub, how much more shall they call those of his household?

²⁶ Fear them not therefore, for there is nothing covered that shall not be revealed, nor hid that shall not be known.

¹⁷ Maar pas op vir mense [*wie se weë en geaardheid is om teenstrydig met God op te tree*], want hulle sal julle uitlewer aan die gereg (*howe*), en in hulle sinagoges sal hulle julle gésel (*straf, teister*).

¹⁸ En julle sal selfs voor die hoofleiers (*goewerneys*) en konings gebring word om My ontwil (*omdat julle My verteenwoordig*) tot 'n getuienis vir hulle en vir die heiden nasies (*ongelowige*) [*mense wat nie van Israel is nie – Jes 9:1-2*].

¹⁹ Maar wanneer hulle julle uitlewer (*arresteer*), moenie julle bekommer oor hoe of wat om te sê nie, want dit sal aan julle gegee word, in dieselfe uur, wat julle moet sê.

²⁰ Want dit is nie julle wat praat nie, maar die Gees van jul Vader wat deur julle praat.

²¹ En 'n broer sal 'n ander broer uitlewer om doodgemaak te word, en die pa sy kind, en kinders sal teen hulle ouers in opstand kom en hulle dood veroorsaak.

²² En julle sal deur die mense gehaat word ter wille van My Naam, maar wie tot die einde toe volhard (*uithou*), sal gered word [*van geestelike siektes en dood in die wêreld om te kom*].

²³ Maar wanneer hulle julle vervolg in die stede, vlug julle dan na die volgende een, dit verseker Ek julle, Julle sal sekerlik nie al die stede van Israel voltooi voordat die Seun van die mens kom nie.

²⁴ Die dissipel (*leerling*) is nie hoër as sy meester nie, so ook is die slaaf (*dienaar*) nie hoër as sy eienaar (*heer*) nie.

²⁵ Dit is genoeg vir die dissipel (*leerling*) om soos sy meester te word en die slaaf (*dienaar*) soos sy eienaar (*heer*). As hulle dan die man (*hoof*) van die huis Beëlsebab noem, hoeveel te meer sy huisgenote! [2 Kon 1:2]

²⁶ Vrees hulle dan nie; want daar is niks bedek wat nie openbaar gemaak sal word nie, of verborge (*weggesteek*) wat nie bekend gemaak sal word nie.

Jesus Teaches the Fear of God

²⁷ What I tell you in darkness, that speak ye in light, and what ye hear in the ear, that preach ye from the housetops.

²⁸ And fear not those who kill the body but are not able to kill the soul, but rather fear him who is able to destroy both soul and body in hell.

²⁹ Are not two sparrows sold for a farthing? And one of them shall not fall on the ground without your Father.

³⁰ But the very hairs of your head are all numbered.

³¹ Fear ye not, therefore; ye are of more value than many sparrows.

³² Whosoever therefore shall confess me before men, him will I also confess before my Father who is in the heavens.

³³ But whosoever shall deny me before men, him will I also deny before my Father who is in the heavens.

Christ Brings Division

³⁴ Think not that I have come to introduce peace into the land; I came not to introduce peace, but a sword.

³⁵ For I have come to set a man at variance against his father, and the daughter against her mother, and the daughter-in-law against her mother-in-law.

³⁶ And a man's foes shall be those of his own household.

³⁷ He that loves father or mother more than me is not worthy of me, and he that loves son or daughter more than me is not worthy of me.

Yahshua Leer die Vrees van God

²⁷ Wat Ek ookal vir jou in die donker sê, dit vertel julle in die lig; en wat julle in die oor gefluister word, basuin dit uit vanaf die huisdakke.

²⁸ En moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak, maar wat nie instaat is om die siel dood te maak nie, maar vrees Hom liewer wat beide die siel en die liggaam in die hel kan vernietig.

²⁹ Word twee mossies dan nie vir 'n sent verkoop nie? En tog sal nie een van hulle op die grond val sonder die wil van julle Vader nie.

³⁰ Maar al die hare op jou hoof is getel.

³¹ Vrees julle dan nie, julle is meer werd as baie mossies.

³² Elkeen wat dus My voor mense bely [uit 'n staat van eenheid met My], hom sal Ek ook voor my Vader bely [dat Ek in hom woon (voortbestaan)] wat in die hemele is.

³³ Maar elkeen wat My verloën (ontken) voor die mense, hom sal Ek ook verloën (ontken) voor my Vader wat in die hemele is.

Christus Bring Verdeling

³⁴ Moenie dink dat Ek gekom het om vrede in die land (op die aarde) te bring nie. Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar 'n swaard.

³⁵ Ek het gekom om onmin te bring tussen 'n man en sy pa, en tussen 'n dogter en haar ma, en 'n skoonogter teen haar skoonmoeder.

³⁶ En 'n mens se vyande sal sy eie huismense wees. [Mig 7:6]

³⁷ Hy wat sy eie pa of ma liewer het [en meer plesier van hulle af inneem] as vir My, is nie werd om aan My te behoort nie, en hy wie sy seun of dogter bo My liefhet [en meer plesier van hulle af inneem], is nie werd om aan My te behoort nie.

³⁸ And he that does not take his cross and follow after me is not worthy of me.

³⁹ He that finds his life shall lose it, and he that loses his life for my sake shall find it.

A Cup of Cold Water

⁴⁰ He that receives you receives me, and he that receives me receives him that sent me.

⁴¹ He that receives a prophet in the name of a prophet shall receive a prophet's reward, and he that receives a righteous man in the name of a righteous man shall receive a righteous man's reward.

⁴² And whosoever shall give to drink unto one of these little ones a cup of cold water only in the name of a disciple, verily I say unto you, he shall in no wise lose his reward.

John the Baptist Sends Messengers to Jesus

11 And it came to pass, when Jesus had finished giving commandments to his twelve disciples, he departed from there to teach and to preach in their cities.

² Now when John had heard in the prison the works of the Christ, he sent two of his disciples,

³ and said unto him, Art thou he that should come, or do we look for another?

⁴ Jesus answered and said unto them, Go and tell John those things which you hear and see:

⁵ The blind receive their sight, and the lame walk; the lepers are cleansed, and the deaf hear; the dead are raised up,

³⁸ En wie nie sy eie kruis opneem en agter My aanloop (volg) [onwankelbaar vaskleef, getrou bly, geheel ooreenstem met My voorbeeld van lewe en indien nodig, ook daarvoor sal sterf] nie, is nie werd om aan My te behoort nie.

³⁹ Wie sy [laer] lewe vind, sal dit [die hoër lewe] verloor; en wie sy [laer] lewe verloor om My ontwil, sal dit [die hoër lewe] vind.

'n Glas Koue Water

⁴⁰ Wie julle ontvang, ontvang My; en wie My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het.

⁴¹ Wie 'n profeet ontvang in die naam van 'n profeet, sal die loon van 'n profeet ontvang, en wie 'n regverdige ontvang omdat hy 'n regverdige is, sal die loon van 'n regverdige ontvang.

⁴² En elkeen wat 'n glas koue water aan een van hierdie geringstes [in rang of invloed] gee om te drink, omdat hy My dissipel is, voorwaar Ek sê vir jou, hy sal op geen wyse sy belonging verloor nie.

Johannes die Doper stuur Boodskappers na Yahshua

11 En dit het gekom toe Yahshua klaar opdragte aan sy twaalf dissipels gegee het, het Hy daarvandaan vertrek om die mense in hulle stede te leer en te preek.

² En toe Johannes in die tronk van die werke van Christus gehoor het, het hy twee van sy dissipels gestuur,

³ en vir Hom gesê: Is U die Een wat sou kom, of moet ons 'n ander een verwag? [Genesis 49:10; Num 24:17]

⁴ Yahshua antwoord hulle en sê: Gaan en vertel aan Johannes wat julle als hoor en sien:

⁵ Die blindes sien weer, en kreupeles loop, melaatses word gereinig, dowes hoor, dooies word opgewek en aan die

and the poor have the gospel preached to them.

⁶ And blessed is he who is not offended in me.

⁷ And as they departed, Jesus began to say unto the multitudes concerning John, What did you go out into the wilderness to see? A reed shaken with the wind?

⁸ But what did you go out to see? A man clothed in soft raiment? Behold, those that wear soft clothing are in kings' houses.

⁹ But what did you go out to see? A prophet? Yes, I say unto you, and more than a prophet.

¹⁰ For this is he of whom it is written, Behold, I send my messenger before thy face, who shall prepare thy way before thee.

¹¹ Verily I say unto you, Among those that are born of women there has not risen a greater than John the Baptist; notwithstanding, he that is least in the kingdom of the heavens is greater than he.

¹² From the days of John the Baptist until now, life is given unto the kingdom of the heavens, and the valiant take hold of it.

¹³ For all the prophets and the law prophesied until John.

¹⁴ And if ye will receive it, this is that Elijah who was to come.

¹⁵ He that has ears to hear, let him hear.

¹⁶ But unto whom shall I liken this generation? It is like unto children sitting in the markets and shouting unto their fellows

armes word die evangelie {goeie nuus} verkondig [Jes 35:5-6; 61:1].

⁶ En geseën is elkeen wat nie aanstoot in My neem (beledig) nie (in My begin twyfel).

⁷ En toe hulle vertrek, begin Yahshua vir die menigtes oor Johannes te vertel: Wat het julle uitgegaan om in die wildernis te sien? 'n Riet wat deur die wind geskud word?

⁸ Maar wat het julle uitgegaan om te sien? 'n Man met deftige klere aan? Kyk, die wat deftige klere dra, is in die koningshuise.

⁹ Maar wat het julle uitgegaan om te sien? 'n Profeet? Ja, Ek sê vir julle, ook baie meer [uit die gewone, meer hoog aangeskrewe, meer merkwaardig, voortrefliker, uitmuntend] as 'n profeet!

¹⁰ Want dit is hy van wie daar geskrywe is: Kyk, Ek stuur my boodskapper voor my aangesig, wat u weg voor U sal voorberei [Malachi 3:1].

¹¹ Voorwaar Ek sê vir julle, onder die wat uit vroue gebore is, het daar nie een opgestaan wat groter is as Johannes die Doper nie; maar die kleinste in die koninkryk van die hemele is groter as hy.

¹² Van die dae van Johannes die Doper af tot nou toe, word lewe aan die koninkryk van die hemele gegee en die moediges bestorm en gryp dit met geweld [as 'n kosbare prys - 'n aandeel in die hemelse koninkryk word gesoek met hartstogtelike ywer en met intense inspanning].

¹³ Want al die profete en die wet het tot en met Johannes geprofeteer.

¹⁴ En as julle dit wil ontvang: dit is die Elia wat sou kom [voor die koninkryk]. [Mal 4:5]

¹⁵ Wie ore het om te hoor, laat hom hoor.

¹⁶ Maar waarmee sal Ek hierdie geslag vergelyk? Dit is net soos kindertjies wat op die markpleine sit en na hulle maats roep

¹⁷ and saying, We have piped unto you, and ye have not danced; we have mourned unto you, and ye have not lamented.

¹⁸ For John came neither eating nor drinking, and they say, He has a devil.

¹⁹ The Son of man came eating and drinking, and they say, Behold a gluttonous man and a winebibber, a friend of publicans and sinners. But wisdom is justified by her children.

Woe to Unrepentant Cities

²⁰ Then he began to upbraid the cities wherein most of his mighty works were done because they repented not:

²¹ Woe unto thee, Chorazin! woe unto thee, Bethsaida! for if the mighty works which were done in you had been done in Tyre and Sidon, they would have repented long ago in sackcloth and ashes.

²² But I say unto you, It shall be more tolerable for Tyre and Sidon at the day of judgment than for you.

²³ And thou, Capernaum, which art exalted unto heaven, shalt be brought down to Hades, for if the mighty works which have been done in thee had been done in those of Sodom, it would have remained until this day.

²⁴ Therefore I say unto you, That it shall be more tolerable for the land of Sodom in the day of judgment than for thee.

Jesus Gives True Rest

²⁵ At that time Jesus answered and said, I praise thee, O Father, Lord of heaven and earth, because thou hast hid these things from the wise and understanding and hast revealed them unto children.

¹⁷ en sê: Ons het vir julle op die fluit gespeel [troulied], en julle het nie gedans nie; ons het vir julle 'n treurlied [begrafnislied] gesing, en julle het nie getreur nie.

¹⁸ Johannes het nie gekom en geëet of gedrink nie, en hulle sê: Hy is van die duivel besete.

¹⁹ Die Seun van die mens het gekom—Hy eet en drink, en hulle sê: Kyk, daar is 'n vraat en 'n wynsuiper, 'n vriend van tollenaars [invorderaars van openbare belasting] en sondaars. Maar wysheid word geregverdig deur haar kinders (God tree met wysheid op, en sy werke bewys dit).

Weë die Onboetvaardige Stede

²⁰ Toe het Hy die stede verwyt (berispe) waar Sy kragtige dae (wonderwerke) plaasgevind het, omdat hulle hul nie bekeer het nie [en hulle harte het nie verander nie]:

²¹ Wee jou, Górasin, wee jou, Betsaida! want as die kragtige dae (wonderwerke) in jou ook in Tirus en Sidon plaasgevind het, sou hulle lankal in sak en as bekeer het [en hulle harte sou wel verander het].

²² Maar Ek sê vir julle, dit sal meer verdraagliker vir Tirus en Sidon wees in die oordeelsdag as vir julle.

²³ En jy, Kapernaum, wat tot die hemel toe verhoog is, jy sal tot die doderyk [die streek van die dooies] toe afdaal; want as in Sodom die kragtige dae plaasgevind het wat in jou plaasgevind het, sou hy bly staan het tot vandag toe.

²⁴ Maar Ek sê vir julle dat dit meer verdraagliker vir die land van Sodom in die oordeelsdag wees, as vir jou.

Yahshua Gee Ware Rus

²⁵ In daardie tyd het Yahshua geantwoord en gesê, Ek loof U, O Vader, YHWH van die hemel en die aarde, dat U hierdie dinge verberg het vir wyse en verstandige mense en dit aan kindertjies (eenvoudiges) [kinderlike, onkundiges, ongeskooldes] geopenbaar het.

²⁶ Even so, Father, for thus it was pleasing in thy sight.

²⁷ All things are delivered unto me of my Father, and no one has known the Son but the Father, neither has anyone known the Father except the Son and he unto whom the Son will reveal him.

²⁸ Come unto me, all ye that labour and are heavy laden, and I will give you rest.

²⁹ Take my yoke upon you and learn of me, for I am meek and humble of heart, and ye shall find rest for your souls.

³⁰ For my yoke is easy, and my burden is light.

Jesus Is Lord of the Sabbath

12 At that time Jesus went on the sabbath day through the planted fields, and his disciples were hungry and began to pluck the ears of grain and to eat.

² But when the Pharisees saw it, they said unto him, Behold, thy disciples do that which is not lawful to do upon the sabbath day.

³ But he said unto them, Have ye not read what David did, and those that were with him, when he was hungry,

